



# WEGNEEM KIDDI PINKSTER

## BYMEKAAR

Gesinne speel 'n speletjie, bid en sing saam

**5 MIN** **WELKOM AKTIWITEIT**  
Bou 'n toring met enige los items in die vertrek waar julle sit. Kyk hoe hoog julle die toring kan maak voor iets wankel.

**5 MIN** **GEBED EN LIED**  
Sing Lied 599 saam: As Hy weer kom  
Sit met julle oë toe en haal 3 x diep asem  
'n Ouer sê saggies: God is hier teenwoordig  
Almal sê saam: Amen

## WOELIG MET DIE WOORD

Matt 28, Hand 1

**8 MIN** **KYK DIE VIDEO EN GESELS  
OOR DIE VOLGENDE VRAE:**

- 1.Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
- 2.Ek wonder wie sou jy graag in die verhaal wou wees.
- 3.Ek wonder waar sien jy mense in die wêreld wat doen wat Jesus gesê het.

## WEGNEEM

**2 MIN** **AFSLUITING**

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;  
Dankie, Heer, vir die gesin langs ons;  
Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.  
Amen

**12 MIN** **AKTIWITEIT**  
Volg die aanwysings en maak 'n papier koppie wolk waarin Jesus verdwyn  
Kleur die prent van Jesus se Hemelvaart in, knip uit op die lyne en gebruik as legkaart



# WEGNEEM KIDDI PINKSTER

## BYMEKAAR

Gesinne speel 'n speletjie, bid en sing saam

**5 MIN** **WELKOM AKTIWITEIT**

Speel "Stuur die boodskap aan" (telefoontjie). Elke gesinslid kry 'n kans om 'n sin aan te stuur.

**5 MIN** **GEBED EN LIED**

Luister na die lied in die video: "Gaan na jou buurt."

Maak jou oë toe en luister na al die klanke buite en in die vertrek. Luister na jou asemhaling. Sê dan saggies: "Dankie, Here, vir asem. Amen."

## WOELIG MET DIE WOORD

**8 MIN** **KYK DIE VIDEO EN GESELS OOR DIE VOLGENDE VRAE:**

Elkeen in die gesin kry 'n beurt om 'n kaartjie te trek en vir die ander aan daardie dissipel bekend te stel.

1. Ek wonder hoe dit sou voel om deel van so 'n spesiale groep mense te wees.
2. Ek wonder watter een van die dissipels sou jy wou wees.
3. Ek wonder hoe jy ook 'n dissipel van Jesus kan wees.

Joh.20:24-29

## WEGNEEM

**12 MIN** **AKTIWITEIT**

Speel "Snap" met die 2 stelle kaarte.

**2 MIN** **AFSLUITING**

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;  
Dankie, Heer, vir die gesin langs ons;  
Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.  
Amen

Trek 'n naam en maak vir daardie persoon 'n dissipelkaartjie om hom/haar aan die ander bekend te stel. Watter klere sal hy/sy dra?



# WEGNEEM KIDDI PINKSTER

## BYMEKAAR

Gesinne speel 'n speletjie, bid en sing saam

### 5 WELKOM AKTIWITEIT

MIN

Slaan 'n ballon vir mekaar en probeer dit so lank as moontlik in die lug te hou. Niemand mag dit 2 keer agter mekaar slaan nie.

### 5 GEBED EN LIED

MIN

Sing die liedjie, "Holy Spirit fills me up", saam.

Luister na die wind op die video. Maak jou oë toe en sien in jou gedagtes hoe jy saam met Jesus loop. Hou Jesus se hand vas en kyk vir Hom. Jy kan vir Hom enigiets vra of vertel wat jy wil.

## WOELIG MET DIE WOORD

Hand 2: 1-36

### 8 MIN KYK DIE VIDEO EN GESELS OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Ek wonder watter deel van die storie is vir jou die belangrikste.
2. Ek wonder hoe die Heilige Gees jou al gehelp het.
3. Ek wonder hoe kan jy vandag vir mense van God vertel.

## WEGNEEM

### 2 MIN AFSLUITING

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;  
Dankie, Heer, vir die gesin langs ons;  
Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.  
Amen

12  
MIN

### AKTIWITEIT

Steek 'n kersie of vuur aan (as teken dat die Heilige Gees in julle is) en braai marshmallows / worsies op stokkies saam. Gesels hoe julle as gesin vir iemand iets kan doen sodat hulle ook kan weet hoe lief die Here hulle het.



# WEGNEEM KIDDI PINKSTER

## BYMEKAAR

Gesinne speel 'n speletjie, bid en sing saam

Sing saam met die video: "Weet jy dat Jesus jou liefhet?"

**5  
MIN**

### WELKOM AKTIWITEIT

Maak 'n lysie van al die tale wat julle ken en kyk of julle mekaar kan groet in 5 verskillende tale.

Julle mag Google om te hoor hoe die tale klink.

### GEBED EN LIED

**5  
MIN**

Raak aan jou voete en sê: Dankie dat ek kan gaan waar U my stuur. Raak aan jou hande en sê: Dankie dat ek ander kan help. Raak aan jou mond en sê: Dankie dat ek van U kan vertel. Raak aan jou oë en sê: Dankie dat ek mense kan raaksien wat swaarkry. Raak aan jou hart (sit jou hand op jou bors) en sê: Dankie dat ek U kind is en U my liefhet.

## WOELIG MET DIE WOORD

Hand 2:1-36

**8 MIN**

### KYK DIE VIDEO EN GESELS OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Ek wonder hoe dit vir jou sou voel as jy ook daar tussen die mense was.
2. Ek wonder wat sou jy graag vir Petrus wou vra.
3. Ek wonder hoe laat die gedeelte jou anders dink oor die HeiligeGees.

## WEGNEEM

**12  
MIN**

### AKTIWITEIT

Gebruik die hulpmiddels en maak krone om te wys ons is ook dissipels wat die Heilige Gees in ons het as ons Helper.

Kleur die prent mooi in of vul dit met stukkies geskeurde papier om te lyk soos pragtige glasvensters.

### 2 MIN AFSLUITING

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;  
Dankie, Heer, vir die gesin langs ons;  
Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.  
Amen



# WEGNEEM KIDDI PINKSTER

## BYMEKAAR

Gesinne speel 'n speletjie, bid  
en sing saam

### 5 MIN WELKOM AKTIWITEIT

Neem 1 koekie en werk saam om die koekie regverdig te verdeel sodat elkeen 'n stukkie kry.

### 5 MIN GEBED EN LIED

Sing saam met die lied op die video en probeer die bewegings saamdoen!  
Bid saam deur beurte te maak om woorde hardop te sê wat God beskryf.

## WOELIG MET DIE WOORD

Hand 2:42-47

### 8 MIN KYK DIE VIDEO EN GESELS OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Ek wonder van watter bestandeel vir 'n gemeente jy die meeste van hou.
2. Ek wonder hoe dit sou voel om deel te wees van die eerste gemeente.
3. Ek wonder watter van hierdie bestandele julle as gesin/groep meer saam sal wil doen.

## WEGNEEM

### 2 MIN AFSLUITING

Dankie, Heer, vir die Bybel voor ons;  
Dankie, Heer, vir die gesin langs ons;  
Dankie, Heer, vir die liefde tussen ons.  
Amen

### 12 MIN AKTIWITEIT

Knip die Gebedsblokkie uit, kleur in en plak toe.  
Gebruik dit om te gesels oor die eienskappe van die eerste gemeente en rol die blokkie vir gebedspunte.  
Volg die aanwysings in die hulpmiddels en maak 'n koevert-kerk wat julle kan opplak in julle huis.



# WEGNEEM KIDDI PINKSTER

## BYMEKAAR

Gesinne speel 'n speletjie, bid en sing saam

**5  
MIN**

### WELKOM AKTIWITEIT

Sit om 'n tafel en vra die vraag: "As jy enigiemand vir ete kon nooi, wie sou jy nooi en hoekom?" Elkeen kry geleentheid om te antwoord.

**5  
MIN**

### GEBED EN LIED

Sing die liedjie "Ons is almal hier te saam," saam.

Bid vir iemand wie jy weet vanaand alleen is.

## WOELIG MET DIE WOORD

**8 MIN** KYK DIE VIDEO EN GESELS  
OOR DIE VOLGENDE VRAE:

1. Ek wonder by watter ete was jy al wat vir jou spesiaal was.
2. Ek wonder hoekom daardie ete vir jou so spesiaal was.

Matt. 26:17-29

## WEGNEEM

**2 MIN** AFSLUITING

Seën mekaar met die woorde:  
"Jesus het vir jou gesterf aan die kruis en opgestaan uit die dood sodat jy kan leef!"

**12  
MIN**

### AKTIWITEIT

Luister na die lied en deel dan saam met mekaar die herinneringstekens

wat Jesus vir ons gegee het:

Brood - "Neem die brood en eet dit.

Dit is My liggaam."

Sap - "Dit is My bloed gestort vir julle om julle sondes te vergeef."

Vat nou rooi lint en maak dit om jou arm, of êrens in die huis waar julle dit maklik kan sien, vas. Dit herinner ons dat Jesus se bloed vir ons gestort is.